
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Die Ware Bybelse Geloof



"...Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God...."
1 Joh. 5:13-15

Dis seker vir elke Christen moeilik om te verstaan waarom God dikwels nie sy gebede verhoor nie, en daaruit voortvloeiend: waarom word baie mense nie genees wanneer daar vir hulle gebid word nie. Hieroor wil ek graag in hierdie artikel gesels, en probeer antwoorde gee op hierdie uiters belangrike struikelblokke in die Christen-denke. Kom ons lees Jakobus hoofstuk 1: vanaf vers vyf

V5: En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word.

V6: Maar hy moet in die geloof bid, <u>sonder om te twyfel;</u> want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.

V7: <u>Want DIE mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie</u>

V8: so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.

V13: Laat niemand, as hy in versoeking kom sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie.

V17: Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.

V18: Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees.

Jak. 4:3: Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring.

Vir my is die mees uitstaande feit wat die Here hier oordra dat ons IN DIE GELOOF moet bid, SONDER om te TWYFEL, anders bid ons verkeerd en sal ons nie ontvang nie!

As jy na die Here toe kom en jy twyfel en jy weet nie of God jou gebede gaan verhoor nie en *jy vat maar 'n kans,* kan jy SEKER WEES dat God nie daardie gebed gaan beantwoord nie. Sy Woord sê so. Ek het vir baie jare lank op hierdie twyfelende, onsekere wyse gebid en het nooit eintlik geweet wat God se Wil was nie, en of ek die sekerheid kon hê dat ek gered was nie. Toe lees ek op 'n dag 1Joh.5:13-15: Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.

En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy Wil.

En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.

God is nie 'n mens dat Hy kan lieg nie en Hy stel Sy Woord bo Sy Naam (Psl 138:2 Engelse Vertaling) en Hy sê dat as ons enige-iets in Sy Naam vra, verhoor Hy ons nl. As dit in lyn is met Sy Woord.

Vers 15: En as ons WEET dat Hy ons VERHOOR, dan WEET ons dat, wat ons ookal vra, ons die bedes VERKRY wat ons van Hom gevra het.

Die Here sê dat as ons IETS vra volgens Sy Wil, verhoor Hy ons en dis verseker. Hier is dus twee uiters belangrike voorwaardes t.o.v. ons verhouding met God en die wyse waarop ons bid;

Ons moet God nader SONDER TWYFEL, want Hy sê andersins mors ons ons tyd.

Wanneer ons bid moet ons VOLGENS SY WIL VRA.

Ek het in my onkunde altyd vroeër jare soos volg gebid: "Here, genees my asb. As dit U Wil is." Dit was en is steeds 'n DWASE gebed! Jy sien, eerstens het ek getwyfel of

(Vervolg op Bl. 2)

(vervolg vanaf Bl.—Die Ware Bybelse Geloof)
dit God se Wil is om te genees. Ek het TWYFELEND gekom en gesê: "Here, genees my as dit U Wil is."

Dwarsdeur die Bybel het groot getalle mense na Jesus toe gekom vir genesing en daar was net een geval waar die persoon vir die Here gesê het: "Genees my as dit U Wil is." Dit was die melaatse wat na Jesus gekom het en gesê het dat hy weet Hy kan hom genees, as dit Jesus se Wil is. Hierdie melaatse was vol geloof, maar soos baie Christene vandag nog, het hy nie geweet wat God se Wil was nie. Sy geloof was daar, m.a.w. hy het 50% gekwalifiseer vir die verhoring van sy gebed. Ons lees dat Jesus hierdie man in die gesig gekyk het en gesê het: **"EK WIL. Wees genees."** (Matt. 8:3) So het Jesus die Ewige Wil van Sy Vader, met Wie Hy Een is, vasgelê. Onmiddellik was hierdie man genees: 'n wonderwerk het plaasgevind: hy was gereinig van melaatsheid. Só kan ons vasstel wat die Wil van God is, en Hy sê: **Dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons VERHOOR as ons iets vra VOLGENS SY WIL.**

Dit is dus vir ons moontlik om te weet wat God se Wil is oor verskeie sake, en een daarvan is beslis genesing. Die laaste opdragte van Jesus op aarde het soos volg gelui:

Mark. 16:15-18: En Hy het vir hulle gesê (beveel): Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom.

Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.


<u>En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg:</u> in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

Hierdie was instruksies aan die kerk op aarde en volgens my mening van die BELANGRIKSTE OPDRAGTE. Ons vind dergelike opdragte in Matt. 28.

Jesus het gesê: **Gaan … en lê hande op siekes en hulle SAL GESOND WORD.**

Hierdie was instruksies aan die kerk op aarde en volgens my mening van die BELANGRIKSTE OPDRAGTE. Ons vind dergelike opdragte in Matt. 28.

Jesus het gesê: **Gaan … en lê hande op siekes en hulle SAL GESOND WORD.** Dit is egter nadat die Evangelie aan hulle verkondig is sodat hulle kan verstaan wat God se Wil is en hulle geloof opgebou kan word. Jesus se opdrag was dat die GOEIE NUUS verkondig moes word dwarsoor die wêreld, maar tot in ons tyd is daar baie mense, ons eie mense, aan wie die Evangelie verkondig word, maar dis nie GOEIE NUUS nie. Inteendeel, dis die GOEIE NUUS só verdraai deur die menslike leerstellings dat dit verander het in SLEGTE NUUS. Ek het ook vir baie jare hierdie soort



GOEIE NUUS gehoor van God wat siekte op Sy Kinders plaas om hulle 'n les te leer en dat Hy al hulle besittings wegneem omdat Hy hulle baie liefhet – wat 'n verdraaide weergawe van die Goedheid van God! Hierdie God het Sy Eniggebore Seun 'n gruwel dood laat sterf aan 'n kruis: Sy Liggaam was só vermink dat Hy onherkenbaar was, van die kroon van Sy Hoof tot by die sole van Sy Voete. Dit was die prys wat Hy betaal het vir elke siekte, krankheid, swakheid, pyn en smart. Deur Sy Wonde is ons genees. Hy het betaal vir die sonde van hierdie wêreld deur Sy Kosbare Bloed: elke sonde, elke boosheid, elke ongeregtigheid. Hy het die straf gedra, die prys betaal. Deur Sy Bloed het Hy ons die mag gegee om duiwels uit te dryf, m.a.w. Hy het ons gesag gegee OOR die magte van die duisternis. En dan, om die kroon te span, het Hy vir ons die geleentheid gebied om die Ewige Lewe met Hom deur te bring vanaf die dag dat ons sterwe op hierdie ou aarde.

Nou, HIERDIE GOD wat ons só liefgehad het dat Hy sy Seun gegee het dat elkeen wat Hom aanneem die Ewige Lewe sal hê, DIS HY wat vir ons beveel: "Gaan verkondig hierdie Goeie Nuus aan die ganse mensdom en lê hande op die siekes en hulle sal gesond word. Gaan vertel aan hulle die Goeie Nuus dat My Seun daardie duur prys aan die kruis betaal het. Hulle wat hierdie opdragte gehoorsaam uitvoer sal deur die wonderwerkende tekens gevolg word …"

Let op dat hierdie tekens nie die ongelowiges sal volg nie. Dit sal definitief ook nie manifesteer in die kerk waar die SLEGTE NUUS verkondig word nie. Die tekens wat sal volg is:

1. In My Naam sal hulle duiwels uitdryf …. Die gelowiges sal gesag hê oor die werke van die bose: kanker, en allerhande ander siektes wat die godsdienstige mense aan God wil toeskryf as 'n poging om ons 'n les te leer. Twee duisend jaar gelede het Jesus die strate geloop en gesê: "Duiwel van blindheid, van doofheid, stomduiwel, KOM UIT!" Hy het die siektes by hulle name genoem: hulle was veroorsaak deur die satan – beslis nie God se werktuie nie! Maar weereens is die belangrike begrip: **Hulle wat GLO, sal duiwels uitdryf in My Naam ….**

2. (Hulle wat glo) **sal met nuwe tale spreek….** (Let op: hulle wat GLO nie die ongelowiges en diegene wat die Evangelie aanpas by hulle menslike leerstellings nie!) Die Bybel leer vir ons in Rom. 8:26 dat God *deur* ons sal bid deur Sy Gees as ons nie meer weet hoe om te bid nie. Dit is die mees volmaakte gebed en God GEE dit aan diegene wat GLO! (tradisie in die Kerk redeneer dit weg as emosies en selfs demonies!)

3. (Hulle wat glo) **op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word …** Die Here Jesus het AL hierdie opdragte aan die Kerk gegee, tog bly baie kerke vassteek by die GAAN. (Is dit dalk omdat hulle hulle ongeloof daar agter kan wegsteek: as hulle kan spog met 'n reuse Sending program, vra niemand na die uitvoering van die res van die opdragte nie!) Van die doop moet jy tog nie praat nie, want dan word daar ingewikkelde teologiese redenasies na vore gebring oor die verbond en die besnydenis en

(Vervolg op Bl. 6)

ENTERING THE KINGDOM of God

How can we comprehend God's Word if the Holy Spirit of God does not open our understanding? Jesus' own disciples could not comprehend the scriptures until He opened their understanding.

"Then opened He their understanding, that they might understand the scriptures, And said unto them, Thus it is written, and thus it behoved Christ to suffer, and to rise from the dead the third day: And that repentance and remission of sins should be preached in His name among all nations, beginning at Jerusalem. (Luke 24:45-47)

We should take heed of what Jesus says here. That **repentance and remission** of sins should be preached among all nations. Repentance and remission of all sins are the starting point for anyone's relationship with God. This was also the fundamental premise of Jesus' preaching and the first words of His disciples. We read in Acts 3:19: **"Repent ye therefore,** and be converted, that your sins may be blotted out, when the times of refreshing shall come from the presence of the Lord".

In Acts 26:18 Jesus said to Saul: **"To open their eyes, and to turn them from darkness to light, and from the power of Satan unto God, that they may receive forgiveness of sins, and inheritance among them which are sanctified by faith that is in Me".**

It is important to have your eyes opened through repentance and to turn them from darkness to light; from the darkness and the power of Satan to God. The Holy Spirit opens your eyes as you repent and believe in Jesus in faith. Then you will receive forgiveness of sin and become a child of God. Isn't that wonderful? **But as many as received him, to them gave he power to become the sons of God, even to them that believe on his name. (**John 1:12)

Repentance means to turn your back on sin and the world and to walk a new path of faith in the Word of God, acting upon it.

Repentance is a command of God **"Repent ye therefore,** and be converted" (Acts 3:19). Tragically repentance is seldom preached from the pulpit these days. Jesus states in Luke 13:13, **"I tell you, Nay: but, except ye repent, ye shall all likewise perish."**

How does one repent? Firstly you must recognise and admit that you are a sinner. But praise God, Jesus came to this earth for those who are sinners. The sinner must come to Jesus just as he is because he cannot obtain righteousness in any other way. **Thus, a sinner needs Jesus**! Jesus has paid our debt through the shedding of His blood on the cross, thus we become righteous in Him.

"**For all have sinned, and come short of the glory of God"** declares Roman 3:23. Even people who believe that they are righteous, must come to Jesus in repentance because He and He alone can justify man before God. Jesus said in (Joh 14:6) **Jesus saith unto him, I am the way, the truth, and the life: no man cometh unto the Father, but by Me.**

It does not matter whether you live a good life or do good deeds – you can only get to the Father by means of Jesus Christ and His finished work on the cross of Calvary. **"...for I am not come to call the righteous, but sinners to repentance"** Jesus says in Matthew 9:13.

The Son of Man came **to seek and to save** the lost (Luke 19:10). The issue is that we are all sinners and need to repent of our sins in order to be forgiven by Father God and to be saved from the power of Satan and eternal damnation.

If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us our sins, and to cleanse us from all unrighteousness (1 John 1:9).

Jesus cleanses you from all unrighteousness. He does the cleansing work in your life – no one else but Him. He purifies, because you are unable to do it on your own. You need Jesus. Without Him you cannot do anything. In John 15:5 He states emphatically **"I am the vine, ye are the branches: He that abideth in me, and I in him, the same bringeth forth much fruit: for without me ye can do nothing."**

The first step then is to realise and acknowledge that you are a sinner. Then you must believe in Jesus.

That if thou shalt confess with thy mouth the Lord Jesus, and shalt believe in thine heart that God hath raised Him from the dead, thou shalt be saved.


For with the heart man believeth unto righteousness; and with the mouth confession is made unto salvation. (Rom 10:9-10)

Yes you must believe. In Acts 26:18 we read: **"..so that through their faith in Me they will have their sins forgiven..." Believe that Jesus is the Son of God.** Believe that He died for your sins. Believe that Jesus is the only One through whom you can enter the gates of heaven. Believe that every word He has spoken is true. Believe Jesus without questioning Him. Simply, believe Him!! Every word He ever uttered He received from His Father. **And I know that his commandment is life everlasting: whatsoever I speak therefore, even as the Father said unto me, so I speak.** (John 12:50)

Do not hold the slightest doubt. Only **believe!!** Jesus was God in action when He came to this earth. He said to Phillip if you have seen Me you have seen the Father. (John 14: 9)

"But without faith it is impossible to please Him: for he that cometh to God must believe that He is, and that He is a rewarder of them that diligently seek Him" (Heb 11:6.)

Now you must **believe** that He will forgive you all your sins. If you acknowledge that you are a sinner and you repent, you MUST **trust** Him and **believe** that He is going to cleanse you. **Just trust Him!!** He cleanses you from **all** iniquities (not only some of them) BUT the prerequisite for this is **that you will have to believe in Him.**



"...Repentance means to turn your back on sin and the world and to walk a new path of faith in the Word of God, acting upon it...."

"The blood of Jesus Christ His Son cleanseth us from all sin (1 John 1:7) **so that whosoever believeth in Him should not perish, but have everlasting life".** (John 3:16). **Believe Him!**

"As far as the east is from the west, so far hath he removed our transgressions from us" (Psalm 103:12) **"and their sins and iniquities will I remember no more"** (Hebrews 10:17). This is what Jesus can do for you. He will never, yes never, remember your sins and evil deeds. He is prepared to remove your sins as far as the east is from the west. That, you will agree, is very, very far! But you will have to believe it! The moment you believe and receive Him in your heart, you become His child. At first you were born of the flesh into the world. Now you must be born once again, but of the Spirit.


"Verily, verily, I say unto thee, except a man be born again, he cannot see the kingdom of God. Nicodemus saith unto Him, How can a man be born when he is old? Can he enter the second time into his mother's womb, and be born? Jesus answered, Verily, verily, I say unto thee,

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 -Entering the Kingdom of God…)
except a man be born of water and of the Spirit, he cannot enter into the kingdom of God. That which is born of the flesh is flesh; and that which is born of the Spirit is spirit...Ye must be born again (John 3:3-7). If Jesus says this and we want to enter the kingdom of God, we must simply **believe** Him!

To enter the kingdom of God requires us to be born again; a fleshly birth is insufficient. **One cannot** enter without being reborn. Man can bring forth a human being. The Holy Spirit of God brings forth a spiritual life.

"Marvel not that I said unto thee, Ye must be born again. The wind bloweth where it listeth, and thou hearest the sound thereof, but canst not tell whence it cometh, and whither it goeth: so is every one that is born of the Spirit". John 3:7-8.



*To enter the kingdom of God requires us to be born again; a fleshly birth is insufficient. **One cannot** enter without being reborn. Man can bring forth a human being. The Holy Spirit of God brings forth a spiritual life.*

The beginning of conversion is to repent with your whole heart and to believe that every word Jesus ever uttered is true.

If someone had to ask you if you are a reborn child of God, would you know what they were talking about! Most people do not understand what it means, and sad to say, many churches do not understand it either. Even some elders, deacons and preachers do not understand it. Why, because they are members of a denomination that does not believe in repentance and rebirth. This, however, is Jesus' instruction!

Those who are not born again are blind to the things of God. God, in the Garden of Eden gave man authority to rule the earth. Satan, however, deceived man tempting him to sin and disobey God. From that moment, the law of sin and death came into being. Due to sin, we were doomed to physical and eternal separation from God. But by being reborn through repentance and conversion, God has redeemed us from the power of darkness and law of sin and death, through the atoning death of His Son Jesus Christ. **"And you hath He quickened, who were dead in trespasses and sins; Wherein in time past ye walked according to the course of this world, according to the prince of the power of the air (Satan), the spirit that now worketh in the children of disobedience."** (Eph 2:1-2)

Before salvation, we lived according to our natural desires under the influence of Satan, fulfilling our fleshly desires. We were spiritually blind because of our disobedience and sins.

Jesus, the Son of God appeared for this very reason, to destroy what Satan had done! **"He that committeth sin is of the devil; for the devil sinneth from the beginning. For this purpose the Son of God was manifested, that He might destroy the works of the devil."** (1 John 3:8). From this verse it is clear that only Jesus can destroy that power that Satan manifests in so many people's lives. That is why **you need Jesus**. No man, no matter who he is, or what he may be, can destroy Satan's works in your life.

When you become converted the scales fall from your eyes and you will start seeing many things in a different light.

Notwithstanding the fact that Jesus Christ never sinned, God required Him to become a sin offering for our sin (yes, yours and mine) as if He was guilty! Because of all these sins He had to carry, He took the penalty of our sin - the penalty we would have had to pay.

When we identify ourselves with Jesus, our sins are forgiven and removed. We stand before Him completely cleansed in an instant. Please read 2 Corinthians 5:11-21.

In the book of Revelation, Chapter 3:20, Jesus says: **"Behold, I stand at the door, and knock: If any man hears My voice, and opens the door, I will come in to him, and will sup with him and he with Me."**

If anyone (that includes you) opens the door of their heart, He will come in. **If** you open the door of your heart to Jesus, He will most definitely enter! This is done by praying. The following prayer is a guideline for you to pray, however simply pray from your heart, calling on the name of Jesus for salvation.

Dear Heavenly Father, I worship you in the name of Your Son, Jesus Christ. I confess that I am a sinner and I sincerely repent of all my sins against You as well as my fellowmen. Please forgive me all my trespasses, wash me in the blood of Jesus Christ and cleanse me. I accept Jesus Christ with my whole heart as my personal Saviour and Redeemer. I believe that Jesus Christ died for my sins and I believe that You are accepting me now as Your child. Heavenly Father, I surrender my life to You and ask Jesus to take the reigns of my life and fill me with Your Holy Spirit. Amen.

WELCOME TO THE FAMILY OF GOD!

Now your Christian life has only started. There is still so much to learn. There are so many victories to be gained. There are so many temptations to withstand in the power of Jesus. But Praise the Lord – You have Begun! Proceed by reading your Bible every day, starting with the Gospel of John.

Write to us: We will gladly assist you in your continued spiritual growth. **SCC**

Ons God van Wonderwerke!

Baie dankie vir die boekies Nagmaal en Genesing in Afrikaans en Engels. Ons (my eggenoot en ek) het dit gelees en ons hou nou elke oggend nagmaal. Die Engelse boekie het ek vir vriende in ons kerk aangegee en hulle lees dit nou (die man is met kolonkanker gediagnoseer). Die goeie nuus is dat nadat ons begin het om elke oggend om ongeveer 7 uur nagmaal by ons daaglikse oggend stiltetyd in te sluit, my eggenoot se bloedsuikervlakke na normaal teruggekeer het, en my bloeddruk vir die eerste keer in 'n lang tyd is na 125 oor 80. Is ons Vader deur Jesus nie wonderlik nie? Seën vir julle, ons bid vir en saam met julle!

In die liefde van Christus

Mev E Hannekom, Somerset Wes

Ek het 'n tyd gelede 'n versoek gerig om Liezel aan Vader God op te dra. Sy wou swanger raak en met hulp van Bo en inplantings wat voorheen nie gewerk het nie, verwag sy nou 'n drieling. Die dokter het gesê dat sy een sou verloor maar sy is nou 21 weke swanger en al drie kleintjies is nog veilig. Almal is in die wolke en aan Hemelse Vader gaan al die dank.

Mev G Schultz, Orkney

Baie dankie vir al julle gebede, vir my seun Mervyn, Hy was lank sonder werk en toe het hy net deeltydse werk gekry. Hy is nou permanent aangeteken by die myn, as 'n draughtsman. Prys die Here, ek het gebid vir 16 maande, en nou is my gebede verhoor. Dankie almal by die Sentrum vir julle gebede. Prys die Here, ek sal die Here loof en prys altyd. Nogmaals dankie.

Mev K Clark, Carletonville

Ek het vier jaar gelede borskanker op gedoen bestraling ontvang en nooit siek gevoel nie. Verlede Mei het ek drie hartaanvalle gehad 'n veertjie ontvang en geen skade aan my hart nie. Ek het die begin van die jaar 'n algehele skouer vervanging ontvang en het byna die volle gebruik van my arm terug. Ek bestuur nog my kar vir afstande van byna 400 km. Ek wil getuig van Sy genade aan my bewys. Hoe anders want ek is September 79 jaar oud. Dankie Jesus want u is goed vir my en seën my. Baie dankie vir al u gebede vir ons mense van die land.

G J Struwig, Karen Park

Ek wil hê u en u span moet saam met my die Here loof en prys!! My moeder, Joey van der Linde was laas week soos julle reeds weet by haar ginekoloog waar hy haar onder narkose ondersoek het, en verdere toetse op haar gedoen het. Hy het haar Vrydag middag geskakel nadat hy toe eers haar toetse ontvang het, en haar meegedeel dat alles skoon is, en hy geen fout kon vind nie. Prys Sy Naam!! Ons kan die Here nie genoeg loof en prys vir Sy getrouheid en liefde wat ons uit Sy getroue hand ontvang nie. Loof en prys Hom! Nogmaals baie dankie vir al die gereelde gebede van die sentrum af, ek waardeer dit opreg.

Liefde groete

Mev A Gamble, Hoedspruit

Baie dankie vir diè wat julle vir my suster gebid het. Ek het 'n brief van haar ontvang waarin sy sê, "Baie dankie want julle het vir haar been en haar voet gebid wat so gepyn het. Haar voet se ligamente was geskeur, maar sy is volkome genees en die pyn is skoon weg en sy kan weer loop." Hy is ons beste vriend en Genees Heer!! Mag die Here julle ryklik seën. Baie dankie vir al julle vriendskap en liefde.

Mev K van der Merwe, Claremont

Ons dien 'n getroue God wat gebed verhoor. 'n Tyd gelede het ek twee baie ernstige sake aan u en die gebeds span gevra, die eerste was ons dogter uit 'n Christelike huis knoop 'n verhouding aan met 'n Moslem man en die tweede my suster word baie siek en stil as gevolg van kanker op die long. Ons loof net die Here , die hoorder van gebed! My dogter het afgesien van die vriendskap en my suster se saak was maar iets met die kop en nie kanker nie, en daarby het sy haar lewe aan die Here gegee! Ons prys net die Here!!

Mev A van Wyk, Jamestown

Ek wil u baie dankie sê vir die gebede wat u vir my gedoen het, ek waardeur dit baie. Want vir die mens is alles onmoontlik, maar vir God is alles moontlik. Hy nooi ons in liefde uit om te vra, en vir ons sal voorsien word. Die Here se beloftes is waar en standvastig. Hy is gister, vandag en more dieselfde, Hy verander nooit nie. Ek was vol pyne in my liggaam ek kon nie eers gewerk het nie, ek was lam in my middel lyf, maar dank God Hy het my genees met al sy genade en liefde het Hy my bygestaan. Hy het my bewys dat as 'n mens vra na Sy wil dan help Hy jou. Jy moet nie moedeloos word nie. Alle lof en eer aan ons Hemelse Vader. Mag ons Hemelse Vader elkeen van u ryklik seën en bewaar. Groete in Christus.

Mnr K Titus, Bloemfontein

Aan die einde van die 1980tige jare het ons mediese dokter hier probeer uitvind wat veroorsaak my vrou se hoë bloeddruk. Toe het ons vir u 'n brief geskryf en voorbidding gevra vir wat die oorsaak is. Oorsaak was toe verkeerde eet gewoontes en dit is toe reggestel. Soos die jare aangeloop het, het my vrou Jane kwaai allergies en sinusitis gekry, en reuk en smaak verloor. Sy het vir 'n paar jaar kwaai inspuitings gekry vir verligting, maar net 'n kort tydjie, dan is dit maar weer so. Toe het ons die einde 2004 vir my vrou laat bid by Dr James, en vanaf April 2005 het my vrou geen sinusitis gekry nie, tot op datum niks! Alle eer en dank aan ons Verlosser, deur gebede van Dr James en personeel. Verlede jaar 2005 het ons vir haar rug laat bid, en Dr Jonker op Bethlehem het vasgestel dat daar nie fout met die rugwerwels is nie, tot op hede geen rugpyn nie. Dankie vir alles Jesus!!

"…..Hy het my bewys dat as 'n mens vra na Sy wil dan help Hy jou. Jy moet nie moedeloos word nie. Alle lof en eer aan ons Hemelse Vader…."

(Vervolg vanaf Bl.2 - Die ware Bybelse Geloof)
ouers wat vir babas (ongelowiges: te klein om te glo) in staan en besprinkeling – alles onbybels !

Hulle sê ook vir jou dat daar nie so-iets soos demone is nie – dis net vir die sektes – Terloops, ek het in die lyfblad van die NG Kerk gelees dat een van die groot Gereformeerde teoloë uit die Nederland wat onlangs S A besoek het, ene dr Ouweneel, beweer dat uitdrywing van demone nie 'n Bybelse grondslag het nie (Kerkbode, 3/8/90) Nou wonder ek WAT Jesus dan uitgedryf het toe Hy op aarde was!?

Die spreek in tale skryf die tradisionele Kerk ook toe aan die sektes, en wanneer jy hande op die siektes lê en vir hulle bid, dan sê hulle ook dis van die duiwels. Uiteindelik besef jy dat hulle AL Jesus se opdragte aan die duiwel toeskryf!

Maar die dag as God se Gees jou oë oopmaak, sien jy hoe EENVOUDIG die Evangelie is: Jesus se Opdragte was so verstaanbaar – dit was asof Hy met kindertjies gepraat het. Dit is nie nodig om hulle te interpreteer nie, jy moet net DOEN wat Hy gesê het, en die resultate sal volg.

En dis die wonderlike voorreg wat ons nou al die afgelope 25 jaar het hier by die Sentrum. Ons het sovele mense sien verander, sien herstel, sien geestelik oplewe, sien genees word OMDAT ONS GEDOEN HET WAT JESUS BEVEEL HET!

Laat ons kyk na die herhaling van Jesus se laaste Opdragte in Matt. 28:19-20:

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.

Weereens dieselfde opdragte: Verkondig die Evangelie en doop die bekeerdes, EN LEER HULLE OM ALLES TE ONDERHOU WAT EK JULLE BEVEEL HET. (Dit sluit mos die opdragte van Mark. 16 in?!) Hier maak Jesus ook die belangrike stelling dat Hy met Sy dissipels (wat ons van vandag insluit) sal wees tot aan die voleinding van die wêreld. Sy opdragte het nog nooit verander nie, en daarom geld die opdrag VANDAG nog dat ons moet hande op die siekes lê, en God sal hulle genees. Maar as dit dan ook God se Wil is om siekte op mense te lê, hoe sal ons weet of ons nie dan siekte probeer "Weg bid" wat Hy dan nou juis op iemand gelê het om hom 'n les te leer nie !? Nee wat Vriende, só 'n wispelturige, dubbelsinnige god is NIE DIE GOD VAN DIE BYBEL NIE. Die God van die Bybel genees – dis Sy Wil, en as ons gelowig vra, sal Hy ons genees. SATAN IS DIE OUTEUR VAN ALLE SIEKTE (Joh. 10:10, Hand. 10:38)

Daar is nie een geval in die Bybel waar Jesus nie diegene genees het wat daarvoor gevra het nie, behalwe in Nasaret waar Hy nie wonderwerke kon doen nie, weens die mense se ongeloof. Hy kon net 'n paar sieklikes genees. (Matt. 13:58) Kan jy die gevolge sien van ONGELOOF? Dis nie die persoon wat bid se skuld dat die sieke nie genees word nie, maar die ongeloof van die sieke, en dikwels ook van sy familie, vriende en selfs geestelike leiers. Ongeloof werk teen die Krag van God. Daarom het Jesus altyd gewaarsku wanneer daar 'n krisis was, dat die persoon nie moet vrees nie, want vrees is ongeloof en kanselleer geloof.



"...En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word...." (Jak. 5:14-15)

As jy 1 Kor. 12 lees waar die Gawes van die Heilige Gees vir ons opgeteken is, sal jy in vers 9 en 10 merk dat daar die gawes van gesondmaking is en die gawe van die werkinge van kragte (wonderwerke). Dis interessant dat in Nasaret slegs die gawe van gesondmaking deur Jesus Christus kon werk, want die gawe van die werkinge van kragte was geneutraliseer deur die mense se ongeloof.

Ook hier by die Sentrum bid ek vir baie mense wat onmiddellik genees word – ander word weer nooit genees nie. Dis egter nie God se fout nie, maar wel die fout van die persoon wat kom vir gebed, want hy kom TWYFELEND, soos Jak 1 vir ons verduidelik: só 'n persoon sal NIKS van God af ontvang nie. Hierdie mense "vat 'n kans" met God – soms het hulle al allerhande ander dinge probeer om genesing te ontvang, en nou probeer hulle ook maar vir God! God sê dat jy jou tyd mors met só 'n gesindheid.

In die Bybelse dae het "hulle gekom om die Evangelie te hoor en genees te word." Almal was genees wat gelowig gekom het om van Jesus te ontvang: sonder uitsondering. Jesus het ook gesê dat Hy na die aarde toe gekom het om Sy Vader se Wil te doen en om die werke van satan te vernietig: DAN IS GENESING MOS SY VADER SE WIL, en Hy het nog nooit verander nie.

Jakobus gee o.i.v. die Heilige Gees aan die Kerk is volgende instruksies:

Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.

En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. (Jak. 5:14-15)

Van Paulus lees ons dat doeke en voorskote na hom gebring was en hy het daaroor gebid met handoplegging en God gevra om hulle te salf met die Heilige Gees. Wanneer hierdie doeke dan weer op die siekes gelê was, het die demone hulle verlaat en hulle was genees. Dwarsdeur die Bybel word siekte en demone geassosieer. Ek glo dat dit vandag nog die geval is.


Dis vir my 'n voorreg om 'n mediese dokter te wees, en ek weet dat demone nie rym met medisyne en die wetenskap nie. 'n Medikus moet presies weet wat die oorsaak van 'n siekte is, maar wees verseker daar is baie siektes waarvan hulle nie die oorsaak weet nie. Neem 'n eenvoudige voorbeeld: velsiektes. Daar is seker 500 verskillende soorte waarvan die medici maar die oorsaak van ongeveer 50 van hierdie siektes ken. Maar ek weet dis alles demonies, en ek het al baie van hierdie siektes sien opklaar as ek die demoon van psoriase of die demoon van dermatitis of watter demoon ook al uitdryf en dan hande op die sieke lê volgens Jesus se

(Vervolg op Bl. 8)

uit Dr James se kantoor

Geliefdes,

Ons het nou net die dramatiese seisoens verandering van die Winter na die Somer ervaar, en hier in Natal is ons hele wêreld vol lewe en groen met die bewys van God se Hand op Sy skepping. Ons dien werklik `n magtige en getroue God! Ja, ons verwonder ons almal aan die onvermydelike verandering van die seisoene, elke verandering bring ons nader aan die lang verwagte koms van ons Here Jesus Christus, om Sy bruid te kom haal. Maar een ding in God se berekening wat nooit sal verander nie, is Sy begeerte dat nie een mens verlore moet gaan nie, maar dat almal tot kennis van Hom sal kom deur Sy Seun. Inderwaarheid, is die dringendheid van hierdie begeerte van Hom, direk verbind aan die dringendheid van die tye waarin ons leef, en dit is waarom ek in my gees ervaar, feitlik met desperaatheid, die kritieke behoefte om na die verlorenes uit te reik, soos nooit tevore, met die Evangelie van die Here Jesus Christus!



"...Vader God soek nou meer as ooit tevore na `n man, na `n vrou wat sal uitreik na die verlorenes met die noodsaaklikste boodskap van alle tye. Hy is op soek na diegene wat na die kern van die saak sal gaan, die hart van die Bybel, naamlik dat daar net een weg na die hemel is, en dit is deur die gestorte Bloed van Sy enigste gebore Seun, die Here Jesus Christus...."

God se weg van verlossing deur die gestorte Bloed van Jesus Christus aan die Kruis op Golgota is die ENIGSTE WEG, en ons wat Jesus Christus as ons persoonlike Verlosser en Here ontvang het, het `n mandaat en opdrag van God om verlore siele vir Jesus te wen. Inderwaarheid behoort ons hele doelwit in die lewe te wees om die Goeie Nuus van wat Jesus vir hulle aan die Kruis verkry het te vertel, sodat hulle gered kan word. Dit moet ons doelwit in hierdie kritieke tye wees, want dit is verseker God se prioriteit.

Ons word gewaarsku in 2 Tim. hoofstuk 3 van boodskappe wat gepreek sal word deur sommige in die laaste haglike dae. Hy sê van hulle in vers 5: **mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.** Die Here het onlangs my aandag gevestig op die feit dat baie mooi boodskappe en preke in verskeie kerke `n menigte hartroerende onderwerpe dek wat op die Bybel gebaseer is, maar as jy dit hoor, sal niemand weggaan met kennis van hoe om gered te word, en die ewige lewe te ontvang nie. Dit wil voorkom asof daar `n neiging is vir meer en meer tierlantyntjies, versierings en godsdienstige tradisies, alles goed bedoel, maar wat Vader God se lewensbelangrike en noodsaaklike plan vir die redding van die mens in die wiele ry. En ons moet die feit nooit uit die oog verloor dat dit kritiek is, omdat dit ons ewige bestemming is, of ons die ewigheid in die Hemel met Vader God deurbring, of in die hel met Satan en sy demone, en dit hang af van die besluit wat ons neem terwyl ons nog lewend op die aarde is. Ek kan nie genoeg die uiterste belangrikheid van hierdie waarheid beklemtoon nie. Dit is inderwaarheid die rede waarom ek my mediese praktyk en baie ander invloedryke titels en ampte prys gegee het wat ek in 1979 gehad het. Vader God het die dringende begeerte in 1979 op my hart gelê om siele te red, toe Hy my in die bediening geroep het, (totaal teologies onbekwaam) en ek kan vandag sê dat ek meer as ooit tevore verplig voel om Jesus Christus te verkondig, en Hy die gekruisigde, die krag van God vir redding in 2006.

Die kragtige Skrif gevind in Joh. 3 vers 16 verklaar: **Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**

Dit is die hartklop van ons Vader God, en dit is bevestig in 2 Pet. 3 vers 9: **Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.**

God het altyd mans en vroue gebruik om Sy wil op aarde te doen, en Jesus het vir die mans wat Hy dissipels gemaak het gesê, om te gaan en ander dissipels te maak. In Mat. 28 in verse 19 en 20 lees ons Jesus se laaste woorde aan Sy dissipels: **Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. En dan weereens Sy laaste woorde in Mark 16, ons lees van vers 15 af: **En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.** Die Evangelie is die boodskap van wat Jesus aan die kruis vir ons verower het.

Vader God soek nou meer as ooit tevore na `n man, na `n vrou wat sal uitreik na die verlorenes met die noodsaaklikste boodskap van alle tye. Hy is op soek na diegene wat na die kern van die saak sal gaan, die hart van die Bybel, naamlik dat daar net een weg na die hemel is, en dit is deur die gestorte Bloed van Sy enigste gebore Seun, die Here Jesus Christus. En nou selfs terwyl die seisoene rondom ons verander, is die een ding wat onveranderd bly die barmhartigheid van ons Vader God vir die verlorenes wat op pad is na `n ewige dood. Dit is Sy prioriteit, en daarom behoort dit ook ons doel te wees!

Ons bid vir alle studente vir hul eksamens, dat die Here alles wat hulle geleer het in herinnering sal bring, en hulle die nadige kennis en wysheid sal gee en Sy volmaakte vrede in hulle harte, wanneer hulle eksamen skryf. Ons wil julle ook met dankbare harte bedank vir jul voortgaande liefde, gebede en ondersteuning vir die Here se werk by die Stanger Christelike Sentrum, wat ons in staat stel om voort te gaan met die dringendheid van siele wen en dissipels maak, volgens God se Groot Opdrag.

Wees verseker van ons gebede en ons liefde omdat julle baie kosbaar vir God en vir ons is!

Dr James

SPESIALE WOORD VAN DANK

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Die Ware Bybelse Geloof ...)

instruksies.

Hierdie wonderlike dinge kan die mens nie verduidelik nie, want wie kan ons Wonderlike God verduidelik: dis Sy weke! Die wysheid van die mens is dwaasheid by God; hy verwag nie insig en verduidelikings nie. Nee, net GEHOORSAAMHEID. DOEN wat sê en die resultate sal volg! Toe ek eers wonderwerke voor my oë sien gebeur het, wou ek hulle ook "verklaar," want dit het gebots met my verstandelike kennis en intellek. Maar ek het gou agtergekom dat Jesus se Opdragte resultate lewer, al verstaan ek dit nie en al kan die medici dit nie verklaar nie.

Al wat die Here van ons vra is GELOOF –ons moet na Hom toe kom, sonder om te twyfel. Dan kan ons soos volg bid: "Here, ek kom vandag na u toe en volgens U Woord, glo ek dat U my KAN en WIL genees. Doen dit asb. Vir my in die Naam van Jesus" Só 'n kort en gelowige gebed het groot krag!

Ons is bekend met die grusame dood wat Jesus aan die Kruis gesterf het vir ons sondes en ons siektes. (Ek stel voor dat jy ons boek DIE NAGMAAL EN GENESING lees om 'n effense idee te kry van wat Jesus werklik aan die Kruis gely het vir my en jou). Daar was die wêreld se sonde op Hom geplaas en was Hy geskei van Sy Vader. Gedurende die groot benoudheid wat oor Hom gekom het in die Tuin van Getsemané, Hy wat ook ten volle mens was, was Hy steeds bereid om die uitdaging te aanvaar en het gesê: "Vader, nogtans nie My Wil nie, maar U Wil." Hy, die vleklose Lam van God, moes sterf vir die sondes van die wêreld en die siektes van die mensdom. Hy kon sê: "Ek het gekom dat hulle (ons) lewe in oorvloed kan hê" (Joh. 10:10), fisiese, geestelike en emosionele OORVLOEDIGE LEWE. Hy verklaar ook dat Hy gekom het om die magte van die duisternis te verbreek en oor hulle te triomfeer. JESUS HET DIE PRYS BETAAL met Sy kosbare bloed as 'n versoening offer op die kruis.

Daarom verwag die Here dat as ons vandag na Hom toe kom ons SONDER TWYFEL sal kom, want hoe kan 'n mens nog twyfel ná so 'n DUUR PRYS betaal was. Die wêreld sê: "As ek sien sal ek glo." Die Here sê: "As jy glo sal jy glo sal jy sien." Daarom, wanneer daar vir jou gebid word vir genesing, GLO dat die Here jou gaan aanraak. Jesus het 2000 jaar gelede die volle prys betaal , en nou moet jy kom sonder om te twyfel. Kom vol verwagting soos die vroeë Kerk: om die Evangelie te hoor en genees te word en as 'n teken van glo, begin dankie sê ongeag jou toestand op daardie oomblik.

Hierdie is die GOEIE NUUS, maar jy moet besluit of jy dit wil glo of nie. Moenie 'n kans vat nie, dan sal jy niks van die Here ontvang nie. (Jak. 1)

Jy sal soveel armer wees as jy nie glo nie, en soveel ryker as jy die Goeie Nuus ontvang en glo. Ek praat van persoonlike ondervinding, nie van hoor-sê nie. Vir die afgelope 25-30 jaar het ek God op Sy Woord geneem, daagliks. Ek het Hom vertrou dat as ek vra VOLGENS SY WIL, dat Hy my sal verhoor. Ek weet dit is God se Wil om siele te red, om in al my behoeftes (needs, not greeds) te voorsien, en om te genees: Hy bederf ons eintlik! By die Sentrum vertrou ons Hom heelhartiglik dag-vir-dag en maand-vir-maand vir ons daaglikse brood: nog nie en maand in al hierdie jare het Hy ons in die steek gelaat t.o.v. finansies nie. En dit ALLES oor Jesus Christus wat die prys betaal het. Alle seëninge kom via die Kruis van Golgota en as jy God se Woord nakom sal Hy hierdie rekening betaal, maar as jy dit op jou manier doen betaal jy die rekening.

"...GLO dat jy ontvang WANNEER JY BID, en nie eers wanneer jy ontvang nie. Hoe kan 'n mens aan die Here wys dat jy glo dat jy ontvang wanneer jy bid? Begin Hom te dank, onmiddellik..."

Ten slotte, 'n laaste belangrike Skrifteks:

Daarom sê Ek vir julle: **Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry (Mark. 11:24).** (Lees ook die Engelse King James weergawe)

GLO dat jy ontvang WANNEER JY BID, en nie eers wanneer jy ontvang nie. Hoe kan 'n mens aan die Here wys dat jy glo dat jy ontvang wanneer jy bid? Begin Hom te dank, onmiddellik. Sê soos volg:

"Ek voel nog die pyn, maar ek dank U. EK glo dat deur U Wonde ek reeds genees is. Ek dank U en ek loof U". Dank en prys Hom daagliks vir verhoorder gebed, en jou siekte sal verdwyn. Só vind 'n Goddelike genesing plaas. Geen mens kan verwag dat God net sal spring elke keer as jy jou vingers klap nie, en ons kan Hom in Sy Almag ook nie in 'n patroon vaslê nie.

Toe ek nog 'n praktiserende dokter was, het ek vir pasiënte medisyne voorgeskryf. Soos hulle die medikasie geneem het, is hulle geleidelik genees. Dit het nie dadelik gebeur nie. Soms moes hulle weer bel of my kom sien om hulle medikasie te verander of aan te pas. In die proses het hulle nie gesê dat ek 'n hopelose dokter was omdat hulle nie onmiddellik genees was toe hulle die medisyne geneem het, het die genesing begin manifesteer en hulle was dankbaar teenoor my en die medisyne. Maar teenoor God wil ons anders optree. Wanneer ons bid en genesing manifesteer nie dadelik nie, is ons teleurgestel en vol twyfel. Dan sê ;ons ook sommer baie gou: "Dit is seker nie die Wil van die Here om my te genees nie." Watter ondeurdagte aanmerking is dit nie! Die Here verseker jou dat jy in 'n strik gevang is deur jou woorde. Jy sal kry net wat jy sê. Daar is lewe of dood in jou woorde.

Ons kom na ons Hemelse Vader toe met 'n verwagting en GELOOF. Ons bid volgens Sy voorskrifte, en dan begin ons Hom te loof en dank. So is ons ook altyd in Sy Teenwoordigheid solank ons Hom loof en prys, want Hy sê mos Hy bewoon die lofsange van Sy Kinders.

DIS die bewys van ons geloof! (Kry ons boeke: Hoe moet 'n Christen bid en Oorwinnaars taal). **SCC**